# DIE SKIETLOOD

221e Uitgawe 15 Desember 2023
saam met Koersvas 221

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies.:

4. WATTER BEWYSE IS DAAR VIR DIE BEVESTIGING VAN WAARHEID VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF, OF DIE LEERSTUKKE VAN DIE KERK?

8. <u>Die venynige aanvalle op die leer van die kerk deur die Satan en sy trawante staan as bewys van die waarheid van die kerklike leer</u>. Die waar en suiwer leer kom van God. Bose mense en die duiwel staan dit teen, verag dit en poog om met alle geweld hierdie ware leer te ondergrawe en vernietig. Die waarheid roep deur sy blote bestaan teenkanting op aan die kant van die bose. Satan se venyn is toegespits op die ware leer van die Kerk. Ander leerstukke wat aan die waarheid verwant is, word bevraagteken en vervorm tot die mate dat sektes die misvormde leerstukke aangryp en verdedig.

**Opmerking**: Johannes 15:*19 As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.* Daar kan geen twyfel wees in enige gelowige se gemoed oor die vyandigheid van die wêreld teenoor Evangelie-getroue kerk en lidmate nie. Ten spyte van aanslae van binne en buite, word die suiwer leer steeds getrou aangehang.

9. <u>Die bewaring en voortbestaan van die kerklike leer ten spyte van die aanslae van die bose, bewys die waarheid van die kerklike leer</u>. Geen ander geloof of godsdiens moes al die aanslae van buite (deur tiranne en vyandiggesindes) en van binne (deur dwaalleraars en deur wêreldpaaiers) verduur nie. Tog bly die suiwer kerlike leer bewaar op grond van God se beskerming. Geen ander godsdiens het sonder afwatering en eindelike verval so lank (van die skepping tot nou) bly bestaan en is steeds staande nie.

**Opmerking**: Dit is wel waar dat die Islam 'n godsdiens is wat besig om te groei, maar sy ontstaan was eers in die 7de eeu. Dit is egter eerder 'n ideologiese-, politieke- en militêre sisteem as wat dit werklik godsdiens is. Buitendien is dit nie deur God openbaar nie. Die sogenaamde openbaring van die Koran is meer as honderd jaar na Mohammed se dood vir die eerste keer neergepen.

10. <u>Die straf en oordeel van God uitgespreek oor teenstanders, is bewys van die waarheid van die kerklike leer</u>. Omdat die ware leer van God af kom, kan geen mens homself suksesvol teenoor die kerklike leer handhaaf nie. Dit is waar dat die bose in die wêreld floreer en dat die kerk onderdruk en verniel word, so al asof God vreugde vind in die booswig en nie in die kerk nie. Tog is dit net 'n tydelike toestand, want die kerk word nooit

vernietig nie, die kerk word selfs teen die ergste vervolgers bewaar en word bevry van selfs die mees gewelddadige teenstanders. Aan die ander kant kom die wrede tiranne te midde van oorwinnings en voorspoed tog tot 'n verpletterende val. Hierdie waarheid word nie ondergrawe deur die feit dat onderdrukkers nie altyd in hierdie bedeling hulle verdiende loesing kry nie. God se straf strek anderkant die graf.

**Opmerking**: Hierdie saak is van groot belang. Ons is vasgevang in 'n bedeling waar alle aksies se resultate in hierdie bedeling gemeet en beloon word. God in Sy almag straf ook in die volgende bedeling. Dit is nie dat God wraakgierig is nie; dit is net Sy geregtigheid wat sal seëvier. Die wete dat die tiran dalk eers in die volgende bedeling gestraf sal word, is nie troos vir die onderdruktes nie, dit is waarskuwing aan die tiran; 'bekeer jou nou!'

11. Die volgehoue getuienis van die martelare bewys die waarheid van die kerklike leer. Net mense wat goed onderrig is in die ewige waarheid sal kan bly staan en troos, bemoediging en krag vind in daardie Goddelike openbaring te midde van verbete aanslae. Dit is die moeite werd om vervolg te word op grond van leerstukke wat deur God goedgekeur is. Hyself bemoedig dan ook die martelare. Dit dien as bewys van die waarheid van die kerklike leer.

**Opmerking**: Handelinge 4:19-20 "*Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.*

12. Die vroomheid van diegene wat die Bybel neergepen het en die leerstukke daarin vervat, verkondig het, bevestig die waarheid van die kerklike leer. Net 'n Godsdiens deur God geïnspireer, kan mense heilig maak. Die patriarge, profete, apostels en ander mense, asook diegene wat hierdie leerstukke aangryp, staan uit in terme van hulle vroomheid en en praktiese deug. Enige behoorlike vergelyking sal dit duidelik maak dat die kerklike leer se uitwerking meer effektief en saligmakend is. Dit is genoeg bewys dat die kerklike leer die waarheid is.

**Opmerking**: Hierdie is nie so 'n sterk argument nie. Tog is daar meriete in die gedagte dat God self die outeurs geheilig het.

13. Die waagmoed en eerlikheid van die Bybelse outeurs bewys die waarheid van die kerklike leer. Die deursigtigheid waarmee die outeurs hulle eie foute en ander se foute uitgewys het, bevestig dat die waarheid in hulle werke bevestig word.Die Heilige Gees bevestig ook dat hierdie mense bereid was om ten koste van hulself, die waarheid van God neer te pen.
Dit is deur die leiding van die Heilige Gees dat hulle die waarhede neergepen het en deur dieselfde Gees wat ons tot geloof

gekom het en vasstaan in hierdie waarheid.

**Opmerking**: Dit is eie aan die Bybel dat die mens homself op die agtergrond plaas sodat die kollig op God alleen kan wees. Die waagmoed om eie foute erken, is uniek aan die outeurs van die Bybel. Outeurs van ander religieuse boeke hou daarvan om 'n verbeterde weergawe van hulself voor te hou. Psalm 32:5 *My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe.*

In die volgende uitgawe gaan ons voort met die algemene Prolegomena.